# HOËRSKOOL SUID-NATAL

## GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

## Aangepaste en goedgekeurde November 2025 weergawe

Hoërskool Suid-Natal se Gedragskode is in medewerking met die Leerders, die Ouers, Personeel en Beheerliggaam van die skool saamgestel en is tydens 'n ouervergadering (November 2025) goedgekeur.

Wysigings wat van tyd tot tyd nodig blyk te wees, word in medewerking van al die rolspelers aangebring en goedgekeur. Die Gedragskode het die volgende punte ten grondslag:

### 1. ALGEMENE BEGINSELS

1.1. Ons as Suidie-leerders:

- se gedrag weerspieël te alle tye, en onder alle omstandighede, die etos en missie van die skool, selfs buite skoolverband;
- se gedrag is van so 'n aard dat dit nie die skool in diskrediet sal bring of die handhawing van orde en dissipline in die skool sal benadeel nie;
- tree altyd gedissiplineerd op teenoor personeellede;
- respekteer die menswaardigheid van elke medeleerder;
- toon respek teenoor alle persone wat gesagsposisies beklee; dit sluit in skoolbestuur, onderwysers, prefekte, lede van die verteenwoordigende leerlingraad, afrigters, skeidsregters, kapteine van sportspanne, ouers en besoekers;
- respekteer die eiendom van ander, asook dié van die skool.

1.2. Ons as Suidie-leerders erken:

- dat orde en dissipline 'n voorvereiste vir onderrig en die leerproses is.
- selfdissipline, en die nakoming van skoolreëls, die Gedragskode ten grondslag lê.
- die nie-nakoming van die Gedragskode, of die verbreking van Skoolreëls, toepaslike straf tot gevolg sal hê.

### 2. RAPPORTERING VAN WANGEDRAG EN TUGBEVOEGDHEID

Ons as Suidie-leerders is bewus van die volgende maatreëls ten opsigte van wangedrag en tugbevoegdheid:

Prefekte: Prefekte rapporteer wangedrag aan die Prefekvoog, Graadhoof, Departementshoof, Adjunkhoof, **of** direk aan die Skoolhoof.
Prefekte kan Prefekdetensie vir goedgekeurde oortredings uitdeel, verder het hulle geen tugbevoegdheid nie.

VLR: VLR rapporteer wangedrag aan die Voogonderwyser, VLR voog, Graadhoof, Adjunkhoof, **of** direk aan die Skoolhoof.
VLR het geen tugbevoegdheid nie.

Onderwysers: As Suidie-leerders is ons bewus dat 'n onderwyser 'n leerder mag teregwys of straf met 'n strafstrokie plus enige van die volgende strafmaatreëls:

- 'n leerder uit die klas stuur vir ontwrigtende gedrag. Die leerder moet dan buite voor die klas sit en sy/haar werk doen;
- strafwerk gee wat as huiswerk gedoen moet word of wat gedurende pouse onder die toesig van die personeellid in die klas gedoen moet word;
- 'n leerder vir detensie, prefekdetensie, Vrydagmiddagdetensie of Saterdagdetensie aanbeveel;
- 'n leerder by die Graadhoof, Departementshoof, Adjunkhoof of Skoolhoof rapporteer.

Graadhoof: Dieselfde bevoegdhede as onderwyser, maar mag ook:

- briewe aan ouers stuur sowel as ouers vir onderhoude na die skool ontbied;
- detensie, prefekdetensie of Vrydagdetensie aan 'n leerder oplê.

Adjunkhoof: Dieselfde as vir Graadhoofde asook die bevoegdheid om

- 'n leerder vir 1 – 3 dae uit 'n klas uitsluit;
- Detensie, Prefekdetensie of Vrydagdetensie op te lê **of**
- 'n dissiplinêre verhoor te hou
- in gevalle van ernstige wangedrag, 'n leerder by die Skoolhoof te rapporteer vir verdere optrede.

## 3. INTERNE DISSIPLINÊRE VERHOOR

Ons as Suidie-leerders is bewus van die volgende maatreëls ten opsigte van dissiplinêre verhoor:

'n Dissiplinêre verhoor word gereël:

- vir ernstige vorme van wangedrag of
- vir 'n leerder wat vir 'n oortreding aangekla word en skuld ontken.
- 'n Skriftelike kennisgewing word 5 dae voor die verhoor aan die ouers/voogde gestuur. In die kennisgewing word die ouer/voog genooi om die verhoor by te woon en word die plek, tyd en datum ook aangedui.

## 4. TRIBUNAAL VIR HANTERING VAN ERNSTIGE VORME VAN WANGEDRAG

Die *tribunaal* word deur die Beheerliggaam daargestel en bestaan uit minstens twee lede.

Vir minder ernstige gevalle waar die tug hoogstens tydelike uitsetting tot gevolg kan hê sal die *tribunaal* bestaan uit 2 lede van die Beheerliggaam waarvan *een* ten minste 'n *nie-onderwyslid* sal wees. Die *nie-onderwyslid* sal as *voorsitter* optree, terwyl die *tweede lid* 'n *onbetrokke onderwys- of nie-onderwyslid* kan wees. Die voorafondersoek sal deur die Skoolhoof/sy gemagtigde behartig word.

In gevalle van ernstige wangedrag wat moontlike uitsetting uit die skool tot gevolg kan hê, sal die Beheerliggaam ten minste *een* maar verkieslik *twee onafhanklike lede* tot die *tribunaal* verkies en sal, indien die erns van die saak dit noodsaak, ook 'n *onafhanklike persoon* gevra word om die *voorafondersoek* te doen.

## 5. TUGMAATREËLS

Afhangende van die oortreding of frekwensie van oortreding, kan enige van die volgende tugmaatreëls toegepas word. As Suidie-leerders is ons bewus van die volgende:

- Aanteken van oortreding en waarskuwing
- Aanteken van oortreding en brief aan ouers/voogde
- Aanteken van oortreding en brief waarin ouers/voogde na die skool ontbied word.
- Uitsluiting uit 'n klas/klasse vir 'n periode van 1-3 dae, deur hoof bepaal.
- Uitsetting vir 'n tydperk wat wissel van 1-5 dae
- Verbod op die bywoning of deelname aan skoolaktiwiteite (Gazette 18900 en KZN CIRCULAR 33/2007)
- Betaling van skadevergoeding of boete
- Gemeenskapsdiens/addisionele werksopdragte
- **Detensie**: Kennisgewing geskied skriftelik met 'n 2 dag kennisgewingtydperk
- **Permanente/Tydelike uitsetting** uit die skool: Uitsetting is 'n tugmaatreël wat slegs deur 'n *Tribunaal* opgelê word.

Alhoewel daar riglyne vir die toepassing van genoemde tugmaatreëls in die skool se *Tugkode en Dissiplinêre Optrede* beskryf is, sal die tugmaatreël wat toegepas word afhang van die leerder se rekord ten opsigte van wangedrag.

## 6. OORTREDINGS

Ons as Suidie-leerders is bewus van die volgende maatreëls met betrekking tot oortredings:

6.1. Leerder begaan 'n oortreding indien hy/sy enige van die Skoolreëls of Reglemente van die Skool se Gedragskode oortree.

6.2. Daar word onderskeid getref tussen ernstige wangedrag en minder ernstige wangedrag as ook aangleenthede. Minder ernstige vorme van wangedrag sluit in oortredings van die Skool se Gedragskode, asook skoolreëls wat nie hieronder gelys is nie, terwyl ernstige vorme van wangedrag hieronder gelys word.

6.3. **WAARSKUWING: Oortreding van skoolreëls asook reël 3 soos vervat in *skoolreëls,* word as ernstige vorme van wangedrag beskou en kan tydelike uitsetting of permanente uitsetting uit die skool tot gevolg hê.**

## 7. REG TOT APPÈL

Die onderwyswetgewing maak nie voorsiening vir appèl teen 'n beslissing van 'n Beheerliggaam in gevalle waar 'n Beheerliggaam

- tydelike uitsetting van nie meer as 'n week as korrektiewe maatreël oplê nie **of**
- enige tug oplê soos vervat in die SKOOL SE TUGKODE nie.

**'n Ouer sal slegs die reg tot appèl hê in gevalle waar sy/haar kind permanente uitsetting in die gesig staar.**

## 8. SKOOLREËLS

- Wysigings wat van tyd tot tyd nodig blyk te wees, word in medewerking met al die rolspelers aangebring en goedgekeur.
- Skoolreëls is van toepassing op 'n leerder terwyl hy/sy 'n leerling van Hoërskool Suid-Natal is en deel uit maak van die Graad 8 - 12 en/of Jaar 1 - 4 leerderkorps, asook op die skoolterrein is, by 'n sportbyeenkoms is, in skooldrag is, op pad ná of van die skool of onder toesig van die skool op 'n uitstappie is.
- Elke geval sal op meriete hanteer word waar leerders die skool se naam in oneer bring. Dit sluit in die optrede in skoolklere en nie-skoolklere.

**REËL 1. GEDRAG : Ons as Suidie-leerders se gedrag is te alle tye onberispelik.**

1.1. 'n Suidie-leerder en sy/haar ouers sal te alle tye die gedragkode nakom.

1.2. <u>Suidies is altyd gehoorsaam.</u>

1.3. <u>Taalgebruik</u>: Geen onwelvoeglike taalgebruik word deur Suidie-leerlinge gebruik nie. (Sien ook Skoolreëls 1.10 en 1.12 asook 1.18.)

1.4. <u>Oneerlikheid</u>: Suidie-leerders sal hulself weerhou van alle vorme van oneerlikheid, bv leuens, afskryf van werk ens., (Sien ook Skoolreëls 1.6 en 1.7)

**WAARSKUWING: Oortreding van die volgende reëls word as ernstige vorme van wangedrag beskou. Suidie-leerders weet, dat indien hulle hulself hieraan skuldig maak, dit kan lei tot tydelike uitsetting en selfs skorsing uit die skool.**

1.5. Suidies maak hul nie skuldig aan herhaalde oortredings van die skool se Skoolreëls of Gedragskode nie.

1.6. Ons as Suidies is altyd <u>op akademiese gebied eerlik</u>: Enige poging om ander te help of om plagiaat te pleeg – met selfone of elektroniese apparaat - of selfs om op 'n oneerlike wyse beter punte vir 'n werkstuk, projek, eksamen of 'n toets te behaal, word nie deur Suidie-leerders gedoen nie.

**L.W.** Die besit van onregmatige materiaal in ‘n eksamen-of toetslokaal sal as ‘n poging tot oneerlikheid beskou word.

1.7. Suidie-leerders sal nooit in besit wees van ongemagtigde eiendom nie: ‘n Ware Suidie sal nooit iets neem wat nie aan hom/haar behoort nie **of** in besit wees van goedere wat hy/sy weet wat op onregmatige wyse van ‘n ander geneem is nie.

1.8. Ons as ware en trotse Suidies ondersteun nie rookverwante aktiwiteite nie, Geen Suidie sal in skooldrag of terwyl onder skooltoesig aan rookverwante aktiwiteite deelneem nie. Dit sluit in: sigarette, elektroniese sigarette, vape of enige ander rookmiddel. ‘n Suidie sal ook nie enige rookverwante artikels in sy/haar besit hê of in die teenwoordigheid wees van persone wat rook nie. In die lig van die Tabakwet is oortreding van dié reël ook ‘n oortreding van ‘n landswet en kan oortreders sonder ‘n verhoor tydelik uit die skool gesit te word.

1.9. Ware Suidies distansieer hulself van gewoontevormende middels wat dwelms, rookmiddels, alkohol en alle ander ongemagtigde gewoontevormende- en bedwelmende middels van enige aard, insluit. Geen Suidie sal in skooldrag of terwyl onder skooltoesig enige van hierdie middels besit, gebruik, oorhandig of onder invloed daarvan wees nie. Suidie-leerders sal nooit in die teenwoordigheid van persone wat gewoontevormende middels gebruik/of in hul besit het, wees nie. Indien wel, sal hulle ook skuldig wees aan dié oortreding.

1.10. Suidies ondermyn nie gesag nie: Ons as Suidie-leerders sal altyd gesag eerbiedig. Ons sal nie oneerbiedige gedrag of beledigende taal teenoor opvoeders, enige ander werknemer van die skool of 'n besoeker, duld nie.

1.11. Suidie-leerders maak hulself nie skuldig aan fisiese geweld nie, dit sluit in; bakleiery, aanhitsing tot bakleiery, afknouery of die gebruik van enige vorm van fisiese geweld, of skuldig maak in die afneem van sulke aktiwiteite.

1.12. Suidie-leerders maak hulself nie skuldig aan teistering nie, dit sluit in; enige vorm van karakterskending, intimidering, fisieke teistering, emosionele teistering of enige vorm van teistering op sosiale platvorm.

1.13. Suidie-leerders maak hulself nie skuldig aan vandalisme nie, dit sluit in; alle vorme van vandalisme, hetsy aan skooleiendom of privaateiendom.

1.14. Ware Suidie-leerders weerhou hulself van onvanpaste fisiese kontak/enige vorm van seksuele wangedrag, insluitend; ‘n gesoen en gevattery gedurende skoolure òf terwyl in skooldrag òf onder skooltoesig.

1.15. Ware Suidie-leerders het 'n afsku aan pornografie, insluitend; die verspreiding of in besit wees van enige pornografiese materiaal. Die doelbewuste kyk na pornografiese materiaal of die skep daarvan in watter vorm of media ook al, is totaal teenstrydig met ‘n Suidie se Christelike karakter en opvoeding.

1.16. Suidie-leerders bring nie wapens of ander gevaarlike items skooltoe nie. Suidies sal nie gevaarlike voorwerpe (messe, vuurwapens en tradisionele wapens ens.) of items (vuurwerk, vuurhoutjies ens.) waarmee ernstige liggaamlike beserings of skade aan eiendom aangerig kan word, skool toe bring of aan die lyf dra nie. Andersins onskuldige voorwerpe (bv. pen, skêr, klip ens.) sal ook nie deur Suidies op so ‘n manier gebruik word, dat dit beserings of skade aan eiendom tot gevolg het nie.

1.17. ‘n Ware Suidie leerder sal nie betrokke raak by kultus- of bende-aktiwiteite nie. Dit sluit in; satanisme en ander bendeverwante-aktiwiteite.

1.18. Ontering van die skool se naam, binne of buite die skool, of deur middel van elektroniese/sosiale platvorms:
Ware Suidie-leerders sal hul nie skuldig maak aan enige vorm van skandelike of onsmaaklike gedrag (bv. suggestiewe tekens, onwelvoeglike taal ens.) of gedrag wat bewustelik daarop gemik is om die skool se naam oneer aan te doen nie. Dit sluit in; die verspreiding van valse inligting, asook onsmaaklike gerugte of foto’s op sosiale platvorms en die skuldigbevinding in ‘n hof.

**REËL 2. KLASBEHEER: Ons as ware Suidie-leerders sal altyd die goeie orde in klasse gehoorsaam.**

2.1. Ons is altyd betyds vir klasse.
2.2. Ons maak ons nie skuldig aan ontwrigtende gedrag nie.
2.3. Ons gehoorsaam die volgende selfoonriglyne:

- Ons selfone word afgeskakel sodra ons soggens deur die hoofhek beweeg. Ons selfone bly afgeskakel deur die dag, selfs gedurende pouses.
- Ons prefekte sal by die hoofhek kyk dat ons selfone afgeskakel is.
- Ons selfone sal gedurende die dag glad nie sigbaar wees nie.
- Ons personeel kan ons toelaat om ons selfone tydens lesse te gebruik, slegs vir vakinhoud, maar sal weer afgeskakel word aan die einde van die les.
- Ons selfone sal eers weer na 14:30 aangeskakel word.
- Ons as Suidie-leerders sal nie ons ouers kontak, sonder toestemming van die graad-/departements-/adjunk-/skoolhoof nie.
- Die dra van oorfone word nie toegelaat nie.

**<u>STRAF</u>: EERSTE OORTREDING**

Ek as Suidie leerder erken die volgende:

- Indien my selfoon aangeskakel en/of sigbaar is, word die foon weggeneem.
- ‘n R200 boete sal by die finansiële kantoor betaal word waarna ek die kwitansie kantoor toe neem om my foon eers na skool kan terug ontvang.

**TWEEDE OORTREDING**

Ek as Suidie leerder erken ook die volgende:

- Ek kan ‘n R400 boete by die finansiële kantoor betaal waarna ek die kwitanise kantoor toe neem om my foon eers na skool kan terug ontvang.
- Ek neem ook kennis dat ‘n waarskuwingsbrief en Detensie deur die Graadhoof uitgereik sal word.
- My selfoon sal ook eers op die tweede Vrydag na die oortreding afgehaal word.
- My selfoon mag eers aangeskakel word nadat ek deur Hek B geloop het.

**DERDE OORTREDING**

- Ek is bewus daarvan dat ‘n dissiplinêre verhoor (Hoof/Adjunkhoof/Departementshoof/Graadhoof teenwoordig) gehou sal word.
- My ouers sal deur die Graadhoof gekontak word.

**REËL 3. SKOOLBYWONING:**

**<u>WAARSKUWING</u> : Ons as Suidie-leerders is bewus dat die oortreding van skoolreëls 3.1-3.3 deur die Onderwysdepartement as ernstige oortredings beskou word en dat dit ook kan lei tot tydelike- of permanente uitsetting uit die skool.**

3.1. Ons weet dat skoolbywoning verpligtend is.

3.2. Ons sal nie gedurende skoolure, sonder die nodige toestemming van die Graadhoof, Adjunkhoof, of Skoolhoof, die skoolterrein verlaat nie.

3.3. Ons is 100% bewus dat klasglip (“bunking”) verbode is.

3.4. Ons weet dat gereelde afwesighede kan lei tot eksamenweiering (Departementele voorskrifte).

3.5 Ons mag aan geen sport oefening of wedstryde deelneem, indien ons op die dag of Vrydag voor ‘n Saterdag-wedstryd afwesig is nie.

3.6 Ons mag nie ‘n skoolaktiwiteit, byvoorbeeld sokkies, bywoon indien ons die betrokke dag of die Vrydag voor die funksie, afwesig is nie.

3.7 Na 20 dae sonder enige wettige verskoning, sal u as ouer gekontak word.

**REËL 4. VERBODE TERREINE: Ons as Suidie-leerders is bewus dat sekere terreine verbode is of dat dit slegs in die teenwoordigheid van 'n personeellid betree mag word.**

Ons as Suidie-leerders is bewus van die volgende verbode terreine:

4.1. Koshuisgeboue/terrein: Slegs leerlinge met toestemmingskaarte mag die eetsaal tydens tweede pouses betree.

4.2. Skoolterrein: Ons weet dat die skoolsaal, gimsaal, of skool se voorportaal, klaskamers en stoepe voor klaskamers gedurende pouses, asook die swembad- en telbordareas, hokkieterrein, voor houtwerk-lokale, behuisingsgebiede, koshuis en omgewing en trappe, CNST-klasse, personeelbadkamers of hoofingang, is verbode lokale/terreine.

4.3. Skoolterrein voor skool: Ons sal soggens voor skool nie die netbalbane betree nie.

**REËL 5. PERSOONLIKE EIENDOM:**

5.1. Ons as Suidie-leerders pas ons persoonlike eiendom op.

5.2. Merk van artikels: Ons as Suidies merk ons artikels op 'n permanente wyse. Ons boeke en tasse sal nie met allerhande slagspreuke/tekens ens. bekrap word nie.

5.3. Ons is bewus daarvan dat selfone, geld en enige elektroniese toerusting op eie risiko skool toe gebring word.

**REËL 6. EKSAMENS/TOETSE: Ons as Suidie-leerders sal nie sonder 'n geldige rede 'n eksamen/toets misloop nie.**

**Eksamen**: As Suidie-leerders is ons bewus dat ons NUL sal kry vir 'n toets/eksamen/formele assessering indien ons sonder 'n geldige rede wegbly. Ons is bewus dat die volgende beskou word as geldige redes vir die afwesigheid tydens 'n eksamen:

- waar my ouer vooraf met die Skoolhoof gereël het **of**
- weens siekte, in welke geval my ouer voordat die eksamen/toets/formele assesserings in aanvang neem, die skool moet laat weet. 'n Doktersertifikaat of 'n brief van 'n kliniek moet so gou moontlik op eerste dag van terugkeer ingehandig word.

**Formele assessering**: As Suidie leerder neem ek kennis dat ek NUL sal kry vir 'n formele assessering wat nie geskryf is nie, **tensy** ek op die 1ste dag terug by die skool die toets skryf **of** indien die onderwyser daartoe instem, 'n reëling tref om die toets op 'n ander dag te skryf. Die onderwyser mag ook besluit om my afwesig te merk. Ek besef dat die keuse of die toets geskryf moet word al dan nie, berus by die onderwyser.

**Punte**: As Suidie leerder is ek bewus daarvan dat indien ek a.g.v. afwesigheid onvoldoende formele assesserings in 'n vak het of assesserings nie ingehandig het nie, ek nie 'n kwartaalpunt sal kry nie.

**REËL 7. BESOEKERS:**

Ek as Suidie leerder is bewus van die volgende:

7.1. Dat alle **besoekers**, insluitend my **ouers/voogde**, eers by die kantoor moet aanmeld en dan toestemming van die Skoolhoof/gemagtigde persone moet kry, alvorens hy/sy my mag spreek.

7.2. Ek mag nie gedurende skoolure besoekers op die skoolterrein ontvang nie.

**REËL 8. DRAG: Ons as Suidie-leerders dra deurgaans die korrekte skooldrag soos hieronder uiteengesit:**

8.1. <u>My drag skool toe</u>: Ons dra altyd die korrekte voorgeskrewe drag. Ons dra nie ontoelaatbare kledingstukke skool toe nie.

8.2. <u>Saalbyeenkomste</u>: Skoolbaadjies is verpligtend saam met Wintersdrag en ook verpligtend tydens saalopeninge - ons dra dit graag met trots.

8.3. Ons as Suidie-leerders is bewus dat indien ons enige van die skool se Eerstespanne verteenwoordig, mag ons ons kleur-/sportbaadjies slegs op Vrydae skool toe dra.

8.4. <u>Amptelike funksies</u>: Ons as Suidies dra ons volledige wintersdrag na alle amptelike skoolfunksies (bv. prysuitdeling, uitstappies ens.)

8.5. <u>Amptelike Sportbyeenkomste</u>: Ons as Suidies (deelnemers en toeskouers) is altyd netjies geklee in skooldrag of voorgeskrewe ondersteunersdrag by amptelike sportbyeenkomste.

8.6. <u>Sosiale funksies</u>: Suidie-leerders dra netjies en gepaste drag na sokkiejolle en op "siwwie-dae". Ons dra nie stukkende denims, noupassende broeke sonder 'n lang bo-stuk (onder heupe) en "help my sterk-lyk hempies" nie. Ligte grimering mag deur dogters gedra word.
Die reëls geld vir beide ons seuns en dogters.

8.7 Ons as Suidies dra trots ons Suidie-Ondersteuners hempies saam met 'n ongeskeurde/ongebeleikte SWART broek. Gewone swart, wit of Vikings kouse word gedra.

8.8 Eerstespanlede mag Vrydae hul baadjies saam met hul Ondersteunersdrag dra.

8.9. **SKOOLDRAG: VOORKOMS EN SKOOLUNIFORM - DOGTERS**

**Ons as Suidie dogters se voorkoms is as volg en ons is trots daarop:**

**HARE**

- Ons kuiwe hang nie in ons oë nie.
- Lang hare word vasgemaak met 'n blou/wit/swart haarband, lint of eenvoudige knip.
- Ons dra net ons eie haarkleur. Geen kleur van hare nie.
- Ons dra nie vreemde style nie.
- Ons hare is ten alle tye skoon en netjies.
- "Braids" van dieselfde kleur kan gedra word, geen patrone.

**GRIMERING**
- Ons dra slegs grimering gedurende sivvie dae en sokkies.

**NAELS**
- Ons naels is altyd netjies, skoon en kort.
- Ons dra graag kleurlose naellak.
- Graad 12 dogters mag tips dra.

**TATOEËRMERKE**

- Ons weet dat tatoeeërmerke nie sigbaar mag wees nie.

**JUWELE**
- Ons dra nie juweliersware bv armbande, ringe of nekhangertjies nie.
- Ons dra ook nie gesigjuwele bv tong-, of oogbankringe nie.
- Ons dra slegs eenvoudige armhorlosies.
- Ons dra graag Christelike armbandjies bv. WWJD.
- Ons dra graag die volgende tipe oorbelle in die onderste oorlel van die elke oor:
    - 1 enkel oorring (1 cm in deursnee)
    - ‘n knopie (“stud”)
    - Kleurlose steentjies (maks 3 mm in deursnit)
    - Oorknopie met die skoolwapen op.
    - Geen pleisters word toegelaat oor nuwe oorbelle.

**ROMPE**
- Ons dra blou skoolrompe met 4 panele.
- Ons romplengte sal nie, as op die knieë gestaan word, korter as 10 cm bokant die grond wees nie.
- Ons rol nie ons rompe by die middellyf op nie.
- Ons stik nie ons rompe om dit nouer te maak nie.
- Ons dra nie ons rompe laer as 3 cm onder die middellyn nie.

**GRYS LANGBROEK**
- Ons dra slegs die voorgeskrewe grys langbroeke (dogtersnit) met pypwydtes 42 – 45 cm.
- Die kruisnaat van ons broeke hang nie op die waaie van ons bene nie.
- Ons broekspype raak nie aan die grond nie.
- Ons dra nie uitgerafelde some en nate nie.

**BLOESE**
- Ons dra wit, kortmou skoolbloese met skoolwapen op die sak.
- Ons bloese word ingesteek.

**KOUSE**
- Ons dra blou kniekouse met wit strepies dwarsdeur die jaar.
- Ons kouse is te alle tye netjies opgetrek.

- Ons Matriek- en LSEN dogters mag in hul finale jaar “swart blackmail” sy-kouse dra.

**SKOENE**
- Ons dra swart skoolskoene met 'n opgeboude brug.
- Ons dra nie sandale nie.
- Ons dra nie enige versierings op ons skoene nie.

**SKOOLDAS**
- Ons dra ‘n blou skooldas met swart- en wit strepies in die Winter.
- Ons Matrieks het die keuse om die blou matriekdas met skoolwapen op te dra.
- Ons dra ons dasse op so ‘n wyse dat die punt van die skooldas tot op die naeltjie strek.
- Ons kleur nie ons dasse in nie en ons trek ook nie ons dasse se stiksel uit nie.

**BAADJIE**
- Ons dra graag ons swart skoolbaadjie (met skool se wapen op sak) en ons dra dit met trots.
- Ons dra ons HSN balkies op ons baadjies.
- Ons dra ook ons ander goedgekeurde balkies van herkende sportsoorte op ons baadjies

**TRUI**
- Ons dra slegs swart V-nek truie met lang moue óf ons swart oortrektruie onder ons skoolbaadjies.
- Ons trek of rol nie ons moue op nie.
- Ons dra ook nie uitgerekte of geskeurde truie nie.

**ONDERKLERE**
- Ons dra slegs blou of swart bypassende katoenbroekies met verkieslik ski-pants.
- Ons onderklere word op so ‘n wyse gedra dat dit nie onder romp uitsteek nie.
- Ons dra slegs wit of vleeskleurige onderklere onder ons bloese.

**SKOOLDRAG: VOORKOMS EN SKOOLUNIFORM - SEUNS**

**Ons as Suidie seuns se voorkoms is as volg en ons is trots daarop:**

**HARE**
- Ons hare is ten alle tye skoon en netjies.
- Ons hare raak nie aan die wenkbroue of ore nie.
- Ons hare raak ook nie aan die kraag nie en ons nekhare is altyd skoongeskeer.
- Indien ek sou verkies om ‘n kombinasie van kort hare aan die kant en langer hare bo-op my kop te dra, sal dit egalig bymekaar inskakel. Geen definitiewe lyne sal sigbaar wees nie.
- Geen deel van my hare sal langer as 5 cm wees nie.
- Ons dra nie enige “mullet” of uitheemse style nie.

- Ons skeer ook nie allerlei vorms/patrone in ons haarstyl in nie.
- Ons handhaaf ons natuurlike haarkleur. Ons dra nie gebleikte dele, strepe of "high lights" nie.
- Ons dra soms jel of mousse om die haarstyl te beheer, maar dit sal nie onnatuurlik vertoon nie.
- Ons dra nie toutjieshare, haarvlegsels of haarversierings nie.
- Ons baarde en snorre is ten alle tye skoongeskeer.
- Ons sybaarde sal nie laer as die middel van die oor wees nie.

**GRIMERING**
- Ons seuns dra nie grimering nie.

**NAELS**
- Ons naels is altyd skoon, netjies en kort geknip.

**TATOEEëRMERKE**
- Ons weet dat tatoeeërmerke nie sigbaar mag wees nie en dit sluit sportaangeleenthede in.

**JUWELE**
- Ons dra nie juweliersware bv armbande, ringe of nekhangertjies nie.
- Ons dra ook nie gesigsjuwele bv tong-, of oogbankringe nie.
- Ons dra slegs eenvoudige armhorlosies.
- Ons dra graag Christelike armbandjies bv. WWJD.

**BROEKE**
- In die Somer dra ons grys kortbroeke of grys langbroeke.
- Ons dra slegs voorgeskrewe skool grys langbroeke met pypwydtes 42 – 45 cm.
- Ons broeke se broekspype word nie nouer afgewerk of opgerol nie.
- Ons langbroeke word nie sonder 'n gordel gedra nie.
- Die kruisnaat van ons broeke hang nie op die waaie van ons bene nie.
- Ons broekspype raak nie aan die grond nie.
- Ons dra nie uitgerafelde some en nate nie.
- Enige sport of offisiële aangeleentheid moet langbroeke gedra word.

**GORDEL**
- Ons dra slegs swart gordels met 'n eenvoudige gespe by ons langbroeke.

**HEMDE**
- Ons dra ons wit, kortmou oopnekhemde met skoolsakwapen op of ons dra wit toeknoophemde met boordjie en 'n skooldas daarby.
- Ons hemde is altyd netjies in ons broeke ingesteek.
- Ons dra nie T-hemde met motiewe onder ons skoolhemde nie.

- Ons dra ook nie T-hemde onder ons skoolhemde wat by die hals sigbaar is nie.

**KOUSE**

- Ons dra lang blou skoolkouse saam met die grys kortbroek.
- Ons dra grys kouse saam met die grys langbroek.
- Ons kouse is altyd netjies opgetrek.

**SKOENE**

- Ons dra swart skoolskoene met opgeboude brug.
- Ons dra nie versierings op ons skoolskoene nie.
- Ons dra nie sandale, plakkies, stewels of hardloopskoene nie.
- Ons dra nie skerppuntskoene of aanglipskoene nie, maar slegs skoolskoene wat veters het.
- Ons dra nie "suede" skoene nie.

**SKOOLDAS**

- Ons dra 'n blou skooldas met swart- en wit strepies in die Winter.
- Ons Matrieks het die keuse om die blou matriekdas met skoolwapen op te dra.
- Ons dra ons dasse op so 'n wyse dat die punt van die skooldas tot op die naeltjie strek.
- Ons kleur nie ons dasse in nie en ons trek ook nie ons dasse se stiksel uit nie.

**BAADJIE**

- Ons dra graag ons swart skoolbaadjie (met skool se wapen op sak) en ons dra dit met trots.
- Ons dra ons HSN balkies op ons baadjies.
- Ons dra ook ons ander goedgekeurde balkies van herkende sportsoorte op ons baadjies.

**TRUI**

- Ons dra slegs swart V-nek truie met lang moue óf ons swart oortrektruie onder ons skoolbaadjies.
- Ons trek of rol nie ons moue op nie.
- Ons dra ook nie uitgerekte of geskeurde truie nie.
- Geen truie mag ingesteek word nie.

**HOEDE**

- Ons dra nie hoede of "beanies" nie.

| SOMERSDRAG | | WINTERSDRAG | |
|---|---|---|---|
| **DOGTERS** | **SEUNS** | **DOGTERS** | **SEUNS** |
| Romp | • Grys kortbroek<br>• Grys langbroek - slegs saam met Erekleure en Matrieks | Romp/Dogters grys langbroek | Grys langbroek |
| Wit skoolhemp met skoolwapen op die sak | Wit skoolhemp met skoolwapen op die sak | Wit skoolhemp met skoolwapen op die sak - tot bo toegeknoop | Wit skoolhemp met skoolwapen op die sak - tot bo toegeknoop |
| • Blou kouse saam met romp OF<br>• Grys kouse saam met grys langbroek<br>• Matrieks mag voorgeskrewe sykouse dra | • Grys kouse saam met grys langbroek (Slegs Matrieks en Erekleure)<br>• Blou kouse saam met grys kortbroek | • Blou kouse saam met romp OF<br>• Grys kouse saam met grys langbroek<br>• Matrieks mag voorgeskrewe sykouse dra | • Grys kouse saam met grys langbroek (Slegs Matrieks en Erekleure)<br>• Blou kouse saam met grys kortbroek |
| Geen das<br>• Matrieks mag wel Matriekdas dra<br>• Erekleure mag das dra, maar slegs saam met hul baadjie | Geen das<br>• Matrieks mag wel Matriekdas dra<br>• Erekleure mag das dra, maar slegs saam met hul baadjie | Das verpligtend | Das verpligtend |
| Baadjies is tydens saalbyeenkonste verpligtend | Baadjies is tydens saalbyeenkonste verpligtend | Baadjies verpligtend | Baadjies verpligtend |

## REËL 9. SIEKTE BY DIE SKOOL

**Ons as Suidie-leerders se optrede rondom siekte by die skool is as volg:**

9.1. **Indien ek siek word by die skool sal ek eerstens by die Graadhoof rapporteer.** Nadat toestemming verleen is dat ek huis toe mag gaan, sal die skool se sekretaresse my ouers telefonies kontak om my te kom haal.

9.2. My ouers sal die **uittekenregister** by die ontvangsdame voltooi, voordat ek die terrein kan verlaat.

9.3. Ek sal sover moontlik poog om **doktersafsprake** vir na skool te maak.

9.4. Enige beserings wat ek by die skool opdoen, sal onmiddellik aan die diensdoenende onderwysers gerapporteer word. ‘n Gebeurlikheidsverslag sal deur die betrokke onderwyser voltooi word. (In kantoor)

## REËL 10. MOTORS EN MOTORFIETSE

10.1. Ons Suidie-leerders met **geldige rybewyse** (motor/motorfiets) mag die skoolterrein met ‘n voertuig/motorfiets betree en op voorgeskrewe area parkeer.

**REËL 11. SLUITKASTE**


11.1. Suidie-leerders mag sluitkaste huur. 'n Tarief van R300 per jaar is betaalbaar by die Finansiële Kantoor.

11.2. Ons deel nie sluitkaste tussen twee of meer leerders nie.


11.3. Ons ruil boeke slegs pouses en nie tydens klasruilings nie.

11.4. Ons is bewus daarvan dat die sluitkaste ontruim moet word aan die einde van elke kwartaal.

11.5. Ek onderneem om 'n (6-8 kode) kombinasieslot aan te koop vir die sluit van my sluitkas.



Mnr. J. Steyn
Voorsitter



Mnr. J.J. Herbst
Skoolhoof